### *Die bedreiging van Herodes*

**91** Die berig stem die owerste droewig, en hy gaan, op uitnodiging van Borus, met Giwar na sy groot, paleisagtige huis toe waar Borus alles moontlik laat doen om die nuwe owerste so goed moontlik te versorg.

[2] Ook Bab en Roban voeg hulle daarby en die hele aand word natuurlik oor niks anders gepraat as oor JaHshua die Meester nie.

[3] Maar ten slotte sê **die owerste**: "Maar vertel my nou eers dan wat die werklike rede was dat Hy na alles wat ek tot op hede van Hom en oor Hom gehoor het, nie aangedring het om hier te bly nie? Want dit sou heelwat anders gewees het as Hy vanweë Sy allerhoogste roeping vir `n wyle êrens anders moes heengaan, maar dit lyk egter asof Hy slegs uit angs vir Herodes gegaan het! Maar `n Man soos Hy vir wie, sover dit nou vir my oor Hom vertel is, hemel en aarde gehoorsaam, wat daarby nog die Romeinse opperstadhouer tot sy intiemste vriende tel, sou tog duidelik geen rede gehad het om vir die swakke pagkoning van Jerusalem op die vlug te slaan nie!

[4] Waarlik, bekyk die saak soos wat jy wil, maar dit is wel seker dat dit vir die bewoners van die aarde regtig nie goed daar uitsien as `n God bang begin te word vir die duiwels en vir hulle op die vlug slaan nie! - Hm, hm, hoe meer ek daaroor nadink, hoe raaiselagtiger word die saak vir my!

[5] Gee julle my eers `n beter verklaring daarvoor, anders moet ek julle almal, hoe graag ek ook mag, heel openlik sê dat julle julleself, net soos ek, geweldig met hierdie man kon vergis het, want die Almagtige hoef regtig nie vir `n Herodes, wat miskien nog nooit daaraan gedink het om hom te vervolg nie, bang te wees nie! Want ek, as gunsteling van hierdie pagkoning, ken hom beter as elkeen van julle en weet dat hy in hierdie afgelope tyd al baie spyt daaroor was dat hy Johannes gedood het. Want die skielike dood van Herodias en haar dogter het die pagkoning so `n angs ingejaag dat hy in sy lewe beslis nooit weer `n profeet sal laat doodmaak nie!

[6] JaHshua moes dus om heel ander redes hier so vinnig weggegaan het! Ook al sou die opgewonde sewe leerlinge van Johannes nog sulke afskuwelike dinge oor Herodes kon vertel het, dan vra ek my tog af of `n alwetende man wat van Elohim afkomstig is, wat beslis weet wat ons nou hier oor Hom praat, hulle kan glo wat kennelike leuens vertel het!? Ken niemand van julle dan `n beter rede vir sy skielike vertrek sodat julle vir my kan gerusstel nie?"

[7] **Borus** sê: "Beste vriend, daar sal sekerlik `n addertjie onder die gras skuil, omdat Sy vlug ons almal net soos verbaas het soos jy, hoewel ons volkome daarvan oortuig is dat Hy tog die Een is wat ons as sodanig erken en aangeneem het. Eerlik gesê, was Hy ook vir jou bang en daarom het Hy vanmôre gevra dat die talle leerlinge en hoë Romeine, wat nou etlike dae by Hom was, moes weggaan. Maar soos wat ek dit nou sien, sou Hy weinig rede gehad het om vir jou bang te wees, omdat jy vír Hom en sekerlik nie téén Hom is nie. Daar moet dus `n heel ander rede wees waarom Hy so vinnig vertrek het. Ek dink dat die skyn hier bedrieg."

[8] **Die owerste** sê: "Vertel my eers wat daar aangegaan het en wat daaraan verbonde was terwyl Hy Hom gereed maak om te vertrek! Miskien kan ek dan, of eerder nog vriend Giwar, `n beter rede vind!"

[9] **Borus** sê: "Dit gebeur so: Die môre vroeg stuur Hy al Sy twaalf leerlinge, wat Hy 'apostels' noem, na die see om `n skip vir Hom in orde te bring, en waarskynlik ook om inligting in te win of daar nie êrens vir Hom deur Jerusalem uitgestuurde spioene en gehuurde sluipmoordenaars te vinde is nie. In Sibara, die tolplek wat behoort aan `n sekere Matthéüs, ook `n leerling van JaHshua, ontmoet die leerlinge van JaHshua die sewe leerlinge van Johannes, wat hulle alreeds vroeër ontmoet het - ek glo die keer toe Johannes nog in die gevangenis gesit het en die woorde van JaHshua gehoor het. Hierdie sewe leerlinge vertel die apostels alles wat in Jerusalem met hul meester gebeur het. En tewens vertel hulle dat Herodes nog heel in die geheim spioene en moordenaars uitgestuur het - hoewel hy teenoor diegene wat hom oor JaHshua ingelig het, openlik verklaar dat Hy die uit die dood opgestane Johannes was. Aan hierdie spioene en moordenaars het hy gesê dat as hulle sou vasstel dat die veronderstelde JaHshua in werklikheid die opgestane Johannes was, hulle Hom dan niks moes doen nie, maar rustig na hulle huis moes gaan; maar as dit egter JaHshua was, dan moes hulle hom sonder meer probeer doodmaak! Sou die moord slaag, dan sou hulle van Herodes `n groot beloning kon verwag, slaag die moord egter nie omdat JaHshua in ‘n sekere sin `n werklik onaantasbare mens van Elohim was, dan sou hulle dieselfde loon van Herodes kon verwag, en dan sou hy met sy hele groot hofhouding `n aanhanger van JaHshua word! – Dis die berig wat die leerlinge van Johannes gebring het, wat saam met die leerlinge van JaHshua hier na Násaret gekom het, aan JaHshua die Meester.

[10] Toe Hy dit gehoor het, sê Hy: 'Hierdie boosaardige proefneming sal maak dat Herodes nooit My leerling word nie! Die aarde is groot en Ek sal wel `n plek vind waar die bose apostels van Herodes My nie sal vind nie! Het die Seun van die Mens dan gekom om dit wat Hy is te word deur gehuurde moordenaars? Nee, en ewig nee! Wie My met moordwerktuie in die hand vra wie Ek is, die sal in der ewigheid geen antwoord kry nie! Dit is egter, afgesien hiervan, tyd dat ons hier weggaan, en laat ons dus gaan en kyk dat ons op vreemde bodem mense vir ons wen, wat ook sonder moordwerktuie teen ons liggaamlike lewe sal glo dat ons is wat ons is!'

[11] Na hierdie woorde van JaHshua vertrek die mense dan ook dadelik, want Hy sê: 'Laat ons gaan, soos wat Ek wil, want Ek sien dat seshonderd Herodiaanse moordapostels wat op My afgestuur is,

hulleself reeds baie naby bevind, daarom gaan ons nou ook dadelik hier weg!' - Toe gaan al Sy en Johannes se leerlinge weg in die rigting van Sibara en sal hulle nou al by die see bevind!"

### *Die vryheid van die mens*

**92** **Die owerste** sê daarop: "Ag, nou lyk die saak heel anders! Hy gaan dus glad nie uit angs weg nie, maar uit pure wysheid om Herodes se welverdiende straf elke geleentheid te ontneem, dat hy nou nie slegter, maar ook nie makliker beter kan word nie! Ag, dit het hy baie goed gedoen, en ek kan Hom maar net prys daarvoor.

[2] Maar hierdie Herodes is in die eintlike sin van die woord `n mens van wie niemand nou presies weet wat hy aan hom het nie. Enersyds is hy `n goeie, so nou en dan `n buitensporige weldoener van `n mens, andersyds egter dadelik `n eersterangse duiwel! Vandag maak hy aan jou in `n soort bevlieging van hartlikheid en grootmoedigheid die prysenswaardigste beloftes en kom dit ook na aan diegene wat kort na die beloftes by hom uitkom. Maar wee diegene wat hom die volgende dag daaraan sou herinner; hy kry nie net niks van al die beloftes nie, maar word ook nog op so 'n gevoelige en beledigende manier afgewys dat alle moed hom begewe om `n tweede keer na hom toe te gaan om hom aan die gemaakte beloftes te herinner!

[3] Mens kan daarom ook nooit `n spesiale vriendskapsband met hom sluit nie, omdat hy dit beslis nie sal onderhou nie - dit is Herodes! Én ons verhewe Verlosser JaHshua sal dit net so goed weet as één van ons, en het daarom volkome tereg uitgewyk, want ook al het Herodes homself ook honderd keer van die onaantasbaarheid van JaHshua oortuig, dan sou dit vir Herodes tog net niks bewys het nie. Vir hom lewer dit wat vandag plaasvind, verseker geen bewys vir môre nie; want hierdie mens het óf geen herinnering nie, óf hy leef volgens waardes waarmee slegs hy, maar naas hom geen ander mens kan bestaan nie!

[4] Maar dat hy vir die orige `n sluwe jakkals is, hoef nie verder aangetoon te word nie. Want belastingafpersing kan hy buitengewoon goed doen, net soos om aan die Romeine verskuldig te bly oor die pagsom. Ek weet egter hoe hy dit doen, maar daaroor `n ander keer!

[5] Tog sou ek nou van julle wil weet of ons Verlosser JaHshua nie weereens na Násaret toe sal kom nie. Het Hy niks vir julle daaroor gesê nie?"

[6] **Borus** sê: "Niks bepaald nie, maar ek hoop dat Hy die winter by ons sal kan deurbring! Dit is egter ook moontlik dat Hy die winter in Sidon of Tirus sal deurbring, maar dan sal ons wel van Hom berig ontvang en ons tydelik daarheen begewe."

[7] Die moeder **Mirjam** wat baie bedroef daar uitsien sê: "Hy sal wel hierheen kom, maar natuurlik weer net vir `n paar dae!"

[8] **Die owerste** sê: "O liewe moeder, wees maar gerus, want Hy sal nie vir ons en nog minder vir u vergeet nie!"

[9] **Die moeder** sê: "Dit sal Hy nie, maar vir my is dit tog droewig as ek moet sien en ondervind dat die slegte, blinde mense hul grootste, ewige Weldoener moedswillig misken, Hom vervolg en Hom haas allerweë met die grootste ondank bejeën!"

[10] **Die owerste** sê: "Kyk, liewe moeder, die mense is nou eenmaal soos wat hulle is, en Dawid het in sy nood nie verniet uitgeroep nie: 'O, hoe totaal nutteloos is alle menslike hulp, want hulle kan almal wat in die nood is nie help nie!' Origens was dit ook altyd die treurige lot van almal wat deur Elohim met hoëre geheimsinnige vermoëns bedeeld was, groot mense, dat hulle dadelik deur die menslike erdwurms so vervolg word soos wat die klein swaweltjies moedswillig die groot magtige adelaar vervolg. Want die klein mense wil by al hul onbelangrikheid tog groot wees, en kan dit daarom nie verdra wanneer daar `n werklik groot man optree waaraan hulle hul eie nietigheid kan afmeet nie!

[11] Kyk na die groot profete! Wat was hul aardse lot? Vanaf die geboorte altyd armoede, allerlei gebrek en ontberings, afguns, vervolging en ten slotte selfs `n gewelddadige dood aan die hand van selfsugtige erdwurms! Waarom Elohim dit steeds so wil hê, was vir my vanaf my kinderjare `n raaisel gewees. Maar die steeds wederkerende ervaring leer ons dat dit, jammer genoeg, altyd so was en ons kan daarteen net so min doen as teen die hinderlike kort wintersdag. Elohim het dit nou eenmaal so gereël, en ons kan dit nie verander nie. Wel, kom ons hoop dat dit eendag in die ander lewe beter sal gaan!

[12] U goddelike Seun sou na wat ek oor hom gehoor het meer as genoeg mag hê om alle onbetaamlikhede van die wêreldse mense in één klap te laat ophou. Dat hy dit egter nie doen nie, kan ons duidelik sien aan die feit dat hy in ‘n sekere sin liewer vir die erdwurm Herodes vlug, as wat Hy hom in één slag sou vernietig! Hy, wat dit maklik sou kon, doen dit nie, en ons kan dit nie - en so bly die ou bekende, slegte situasie steeds bestaan! As Hy weer eendag hierheen kom, sal ek met Hom `n heel ernstige onderhoud daaroor wil voer."

[13] **Borus** sê: "Dit sal weinig baat! Want ek was getuie van alles wat die opperstadhouer, wat ook nog `n oom van die keiser is, in `n wêreldverbeterende opsig raad en voorstelle aan Hom wou gegee het, maar alles was tevergeefs! Hy het kristalhelder uitgelê wat die mensdom is, en hoe hulle soveel moontlik sonder spesiale oordele en straf gelei en bestuur moet word, indien hulle enkel en slegs deur suiwer onderrig en deur hulle algehele eie vrye roeping, hulle toekomstige, deur Elohim bepaalde, ewige bestemming wil bereik! Die stadhouer moes Hom, net soos ons almal, heeltemal gelyk gee, en die meermale gewelddadige optrede wat met krag voorgestel word, bly totaal agterweë. Daarom kan jy al vooruit verseker wees daarvan dat die onderhoud wat jy jou voorgeneem het, eweneens op afwysende wyse sal verloop!"